PIKKEWYNE EN ANDER SEEDIERE*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

*Version 1.1: Jul 6, 2009 11:07 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

1 LEWENSVAARDIGHEDE

2 Graad 3

3 BEWARING VAN ONS SEELEWE

4 Module 5

5 PIKKEWYNE EN ANDER SEEDIERE

Figure 1

6 Die see en sy inwoners

- Lees die gediggie en beantwoord die vrae:

Pikkewyn met jou swart manelpak
Jy waggel so al langs die strand.
Ek wil jou vra: Is jy die see se predikant?
Of maak jy ook die see aan die kant?
Op die ritme van die branders
Ry die seeperdjies saam met al die ander kinders
Hulle speel en baljaar
Maar dat hulle bang is, dit is waar!
Want daar diep in die verre oseaan,
Blaas die Walruswalvis met verlange
Hy soek sy maat, dié het weggegaan
Of is die mens die oorsaak van sy grote traan?
Ons kinders wil graag help,
Julle is mos 'n bedreigde spesie
Ons glo dat ons 'n verskil kan maak.
Ons sal almal vra om hulp
Ons moet net keer dat jul al minder raak.
J.A.
Vrae:

1. Van watter seediere word in die gedig gepraat?
2. Waarvoor dink jy is die seeperdjies bang?
3. Wat dink jy het van die walvis se maat geword?
4. Wat beteken die begrip: "bedreigde spesie"?

- Teken 'n prent met al die seediertjies waarvan hulle in die gedig vertel.

7 Die pikkewyne

Meer as 40 persent van die wêreld se Afrika-pikkewyne woon op Robben- en Dasseneiland. Die spesies se voortbestaan word bedreig deur die tonne olie wat gereeld langs die kus gestort word.

Miljoene eiers is tussen 1870 en 1967 van Dasseneiland verwyder en onder meer as fynproewergereg geëet. Gelukkig is die eiland tot 'n natuurreservaat verklaar en vandag is daar weer ongeveer 56 000 pikkewyne.

Pikkewyne is goeie ouers. Die meeste bou nes bo-op die grond van klippies, modder en plantreste. Altwee ouers sal om die beurt daar op hulle eiers broei. Die donsige kuikens moet lank versorg word en word dikwels in "kindertuine" opgepas.

Teken die mamma-pikkewyn met haar kinders.

8 Die bewaring van die brilpikkewyn

In Suid-Afrika is daar 'n sentrum by Blouberg naby Kaapstad waar die voëls wat siek of vol olie is, gehelp word. Die sentrum staan bekend as SANKUB (Suid-Afrikaanse Nasionale Stigting vir die Beskerming van Kusvoëls). Daar is ook sulke sentrums op ander plekke in ons land.

Skryf 'n brief aan SANKUB of die soortgelyke sentrum naby julle. Vind meer uit oor wat die mense alles daar doen. Hier volg 'n paar leidrade wat jou kan help: pik, voer, olie, skoonmaakmiddels, voedsel, blyplek, geld, fondse, ens.

9 Die seeperdjie

Figure 2

10 Het jy geweet?

- ‘n Pa-seeperdjie dra die baba-seeperdjie in ‘n sakkie op sy maag, net soos ‘n ma-kangeroe.
- Seeperdjies word naby Knysna geteel.
- ‘n Baba-seeperdjie is net vier millimeter lank.
- ‘n Seeperdjie dryf regop in die see rond.

11 Verbind die raaisel met die korrekte maat.

Ek is 'n pappa-seediertjie en dra my kinders voor op my maag in 'n sakkie.		
Ek is die grootste vis en spuit water soos 'n fonteintjie.		
Ek drink nie wyn nie en dra 'n swart pak klere.		
Ek is 'n leeu wat in die see bly.		

Figure 3

- Verbeel jou jy is ‘n seeperdjie. Skryf vir ons ‘n storie oor wat julle alles in die see doen.
- Teken ‘n seeperdjie en sy maats.

Legkaart: Kleur die vorms verskillende kleure in. Knip die vorms uit en bou jou eie seediertjies. Plak dit op ‘n karton. Versier die agtergrond.



Figure 4

12 Voltooi die vraelys. Maak slegs ‘n regmerkie in die blokkie.

	Ja	Nee
1. Het jy geweet dat die pikkewyne ‘n bedreigde spesie is?		
1. Was die gedeelte oor die seeperdjies vir jou interessant?		
1. Dink jy ook die walvis is die grootste seedier?		
1. Kon jy en jou maats van die probleme oplos?		
1. Het jy die legkaart geniet?		

Table 1

13 Assessering

ASSESSERINGSTANDAARDE(LU’s)
LEWENSORIëNTERINGLU 3
PERSOONLIKE ONTWIKKELING Die leerder sal in staat wees om aangeleerde lewens-vaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te bereik en te ontwikkel, sodat hy of sy effektief op uitdagings in sy of haar wêreld kan reageer.
continued on next page

Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.5 groepwerkvaardighede identifiseer en dit konsekwent toepas.
TEGNOLOGIELU 1
TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDE Die leerder sal in staat wees om tegnologiese prosesse en vaardighede eties en met verantwoordelikheid toe te pas, met gebruikmaking van geskikte inligting- en kommunikasietegnologieë.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
1.1 **Ondersoek**: Vind uit waarom bestaande produkte met betrekking tot 'n probleem, behoefte of geleentheid gepas vir die doel daarvan is.1.3 **Ontwerp**: verskillende moontlike oplossings voorstel, een kies en 'n vryhandskets daarvan maak;1.4 **Maak**: verduidelik hoe die houer gemaak gaan word en wat gebruik gaan word om dit te maak;1.6**Evalueer**: die sterk en swak punte van eie produk sowel as van dié van ander identifiseer.

Table 2

14 Memorandum

- Leerders kan 'n brief aan SANKUB skryf.
- Kuns: verf 'n pikkewyn met 'n ligtoring in die agtergrond.
- Meer algemene inligting oor ander bedreigde spesies in ons seelewe kan aan die leerders oorgedra word. Elke groep kan ook 'n seedier kry om oor navorsing te doen.
- 'n Klasbespreking kan gehou word oor wat ons alles uit die see kan kry wat tot nut vir die mens is. (Die klem moet val op die bewaring van ons seelewe vir ons nageslag).
- Groepbespreking – neem leerders na die Biblioteek om self 'n bietjie na te lees oor die gewoontes van die pikkewyne. Leerders kan ook inligting versamel en in die klas kom bespreek (LO 3.5).
- Maak 'n collage van die seediere.
- Liedjies aanleer: "Daar is vissies in die water" en/of "Kinders moenie in die water mors nie..."
- Adres van SANKUB: Pentz Rylaan 20, Table View, 7441.